Tjokkies Preprimêr
051-5223628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

27 Januarie 2023
Kw. 1 NUUSBRIEF 3



## Tjokkies stap self in!

*Só het die Tjokkie-maats alleen by die hek ingestap …*

*Trotse Tjokkies, sommer klaar groot!*












## Vrydae is swemdae!

(As die weer dit toelaat)

**Die hele week se uitsien is die moeite werd!**












# Bederfdag




Vandag was Bederfdag!

Waarom hou ons Vrydae Bederfdag?

- Eerstens is dit 'n "bederf" vir die kleuters omdat hulle die hele week géén lekkers in die kosblikke mag hê nie, want gesonde kossies is die beste vir groeiende lyfies.
- Tweedens omdat Tjokkies slegs EEN GROOT FONDSINSAMELINGSPROJEK het, nl. die Tjokkie-ITEC Golfdag. Bederfdag is 'n TWEEDE DEURLOPENDE FONDSINSAMELING. Ander projekte gaan nie hoofsaaklik oor fondse nie, maar oor Tjokkiegees en betrokkenheid.

karri




R10 per Bederfdag. Die totale bedrag word via Karri **per kwartaal** gehef.

Sodra die uitnodiging uitgestuur word (in Februarie) ontvang u die uitnodiging op u foon indien die reeds toep afgelaai is.

# Rustyd



Ons beklemtoon net weer dat die hek se klokkie asseblief nie tussen 14:00 en 15:10 gelui moet word nie. Voldagkleuters kan eers ná 15:10 afgehaal word. Tussen 15:00 en 15:10 werk beide juffrouens met die middagkleuters en kan nie die hek gaan oopmaak nie. In geval van 'n krisis is 'n uitsondering op die reël moontlik.

Kleuters wat vir buitemuurse aktiwiteite teruggebring word, kan ook eers ná 15:10 binne gelaat word.

# Kosblikke

Jammer vir die knaende **kosblik-reëlings**, maar dit is vir ons **baie belangrik** dat u ons hiermee help vir die funksionering van ons program.



- Geen "**coolerbags**" is nodig nie, dit neem ongelukkig te veel plek in die tasse én die yskas. Oggendkos word geëet voordat dit kan bederf en middagkos is in die yskas totdat hulle dit eet. Indien dit steeds vir u nodig is, moet dit asseblief 'n baie klein sakkie wees.
- **Middagkosblik**: Let asseblief op dat die skool op **Maandae** tussen 12:00 en 14:00 beurtkrag het . Moet dus asseblief **NIE** Maandae kookkos vir die middag stuur nie, koue kookkos is nie so lekker vir 'n kleuter nie.
  Baie dankie vir u begrip.

karri

Ons wil graag ouers wat nog nie die toep afgelaai het nie aanmoedig om daarvan gebruik te maak aangesien ons n kontantvrye skool is en daar heelwat geleenthede gaan wees waar die toep gebruik moet word.

*Bederfdag se uitnodiging vir die eerste kwartaal word in die 2de week van Februarie uitgestuur.*

Indien u enige probleme met die aflaai van die toep ervaar, kontak gerus hulle hulplyn by 021 300 1867.

# KLEUTERDRAG



Kleutertjies speel en kry gou warm!

Hulle kan gerus so lank as moontlik **kaalvoetjies** skool toe kom met ligte klere aan. Onthou 'n ekstra stel klere in die tas vir 'n noodgeval. Sê ook vir hulle dat dit **slégs** vir 'n noodgeval is en nie vir onnodige aan– en uittrekkery by die skool nie. Maandae en Donderdae is Tjokkiedrag.

# Ken-mekaar Piekniek

Woensdag, 8 Februarie vanaf 17:30 op die grasperk voor die saal.

**Tema: Kleuterpartytjie in jou klas se kleur!**

**Die hele familie neem deel aan die tema. Gaan groot en wen 'n prys!**

Toegang is *gratis*.

RSVP asseblief die getal per gesin wat gaan bywoon op die "Whatsapp-groep" van jou klas se opname peiling wat Maandag, 30 Janaurie sal verskyn.

Bring kampstoele en 'n pieknieknmandjie vir u gesin. 'n Lig is opsioneel. Die skool verskaf roomys vir oud en jonk!

Glowsticks te koop @ R5 vir 3 - bring 'n geldjie saam.

Parkering binne en buite by Hek 1 & 2. Sekuriteit is gereël.




Tjokkies vier op Vrydag, 10 Februarie "hartjiedag" (Valentynsdag).

Kleuters kan ROOI aantrek om te wys ons is lief vir mekaar en vir Tjokkies.

Ons moedig omgee-liefde aan en nog nie nou al romantiese liefde nie.

Praat gerus met u kleuter oor omgee en gaaf wees met ander.



# Verjaarsdae

**Juffrou Blanche (Groenklas)** verjaar Saterdag, 11 Februarie

en **Juffrou Henriëtte (Blouklas-assistent) verjaar** Donderdag, 16 Februarie.



**Kom ons maak hul verjaarsdae spesiaal met 'n briefie, blommetjie of gelukwensing. Mag die nuwe lewensjaar vir beide hierdie jarelange Tjokkie-Juffrouens geluk en voorspoed inhou!**

# Slaggereed!

'n Kleutertjie wat soggens met aankoms by die skool gemaklik en tevrede voel, is 'n kleutertjie wat sy/haar dag geniet, gretig is om te speel en gereed is om te leer! Sorg daarvoor deur tuis vóór skool:

- **Gesiggie te was en tandjies te borsel.**
- **Neusie BEHOORLIK uit te blaas vóór skool.**
- **Blasie leeg te maak (p..p..)**





- **Gemaklik aan te trek, nie te warm of te koud nie.**
- **Iets te eet, al is dit iets kleins.**
- **Rustig te wees en betyds te kom vir skool.**

Leer u kleuter ook om sélf neus-higiëne te kan toepas soos nodig. Dit voorkom dat maatjies terg of dat 'n kindjie ongemaklik voel.




## DOELWITTE vir die EERSTE KWARTAAL



Ons het 'n klompie leer-doelwitte uiteengesit en hierby ingesluit. Dit is slegs 'n riglyn van wat ons teen die einde van die kwartaal van 'n kleutertjie verwag.

'n Kleuter wat ekstra stimulasie tuis ontvang, bereik die doelwitte vinniger.
Dankie vir u hulp!

## Tjokkies hou Ope-dag

Saterdag, 25 Februarie 2023

Vir hierdie dag word enigiemand met enige ouderdom kinders uitgenooi om te kom kyk waarom ons so lief is vir ons skool!

U is welkom om vrae te vra en inligting te bekom en te sien wat se mooi toekomsdrome ons vir Tjokkies het.



**Tjokkies ITEC Gholfdag** vind plaas op Vrydag, 12 Mei by Schoemanpark Gholfbaan.

Hou die nuusbriewe dop vir verdere Gholfdag inligting.

**Gholfvergadering:** Woensdag, 1 Februarie om 17:15 by die Kleuterskool

## Tjokkie-Sokkie

Op **Vrydag, 10 Maart** hou ons 'n lekker sokkie vir ouers. Nooi solank vriende om saam te kom dans en ontspan. Meer inligting later.

